Kompas

Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Jaargang 11 / no. 11
November 2002

KEUSE

Vryheid is ‘n noodsaaklike voorvereiste om te kan kies.
Sekerlik, mens kan gedwing word om ‘n keuse te maak maar daar is niemand wat voorskryf watter keuse gemaak moet word nie.
Net so is die bestaan van ‘n aantal opsies, twee of meer, ‘n voorvereiste vir keuse. As daar geen opsies is nie is daar ook geen sprake van ‘n keuse nie.

Albei voorwaardes is ‘n teken van geestelike rykdom wat ‘n mens geniet.
In totalitêre maatskaplike en politieke stelsels is daar min ruimte vir keuse en word ‘n opsie ‘n verpligting.

Ons kan dankbaar wees dat daar in ons huidige politieke bestel ruim voorsiening gemaak word om opsies uit te oefen.
Die keersy van vryheid is verantwoordelikheid.
‘n Keuse moet met verantwoordelikheid gemaak word. Verantwoordelikheid teenoor die medemens en die omgewing.

Daar moet rekening gehou word met die belange van die medemens as ons keuses maak. Sal ek my radio op volle sterkte laat speel en daarmee my buurman oorlas besorg of sal ek dit sodanig instel dat my medemens geen oorlas daarvan ondervind nie? Sal ek as motoris die pad gebruik sonder om my mede-padgebruikers in gevaar te stel of kan ek dit bekostig om glad nie na die belang en veiligheid van my naaste om te sien nie? Sal ek my plastieksak sommer in die straat los of in die asblik deponeer?
Moet ons in ons keuses nie voortdurend bedag wees op ons omgewing nie?
Uiteindelik is dit ‘n saak van verantwoordelikheid.

Op die keper beskou is ons daaglikse lewe ‘n voortdurende proses van keuses met gepaardgaande verantwoording.
Verantwoording aan wie?
Natuurlik aan ons naaste maar in die eerste plek aan onse God wat Skepper is van alle dinge en sy skepping vir die mens gelos het om daarmee verantwoordelik om te gaan.
Elke mens sal ‘n antwoord moet gee hoekom hy of sy ‘n bepaalde keuse gemaak het. ‘n Alledaagse keuse in ons alledaagse lewe. ‘n Belangrike keuse op die kruispunt van ons lewenspad.

Kruispunte soos ‘n beroepskeuse of die keuse van ‘n lewensmaat.
Wat ook al ons keuse sal wees, die Here sal vra hoekom.
Nie as ‘n wrekende God nie maar as ‘n vergewende God. Ook ons keuses is bevlek met sonde en derhalwe onvolmaak. Ook verkeerde keuses word bedek met die versoenende bloed van ons Heiland, die Here Jesus Christus. Dit ontslaan ons nie van ons verantwoordelikheid nie maar laat ons vra na die wil van onse God.

Ook hier geld die gebod van ons Here “Wees heilig, want Ek is heilig” (Lev. 11:44)

AR

In Hierdie Uitgawe

Tema: Lewenskeuses

- **Ons goddelike beroep ... 2**
- **In heiligheid en eer 4**
- **’n Jaar oorsee 6**
- Ouers en tieners 8
  Het jy ook al, soos ek, met jou hande in die hare gestaan en wonder wat om nou weer vir jou tiener te sê?
- Zimbabwe 10
- Offergawes in die erediens 12
- Gesag van meerdere vergaderings 14
  “Ons oordeel dat aan ’n klassis geen enkele reg oor enige kerk of haar dienaars gegee moet word, behalwe as hulleself daarin bewillig het om daarvoor te sorg dat die kerk nie teen haar sin van haar reg en gesag beroof word nie.”
- ‘Van waarhede tot metafore’ 16
- Bevryding van die tegniese wêreldbeeld 18

ONS GODDELIKE BEROEP

Dr Hanno Boon

TEMA: LEWENSKEUSES

Die ou huweliksformulier noem ons beroep tereg goddelik. 'U moet ook getrou en ywerig in u goddelike beroep arbei'. Goddelik, omdat die Here in die begin die mens geroep het om die aarde te bewoon, te bewerk en te bewaak (Gen. 1:28). Ja, goddelik omdat ons roeping en die gawes wat die Here ons gee van God kom. 'n Pragtige perspektief, want so sien ons Hom wat ons geroep het en ons bekwaam maak om te kan werk.

Die huidige samelewing bied geweldig baie op die arbeidsmark. Daar is baie geleenthede. Die groot welvaart wat ons ervaar bied baie moontlikhede. Vroeër was daar soms maar min geleenthede, daar was beperkte keuse in die arbeidsmark. As jou pa hoepelmaker was het jy dikwels die werk oorgeneem. En dit was mooi, dit was goed, dit was 'n goddelike beroep. Ja so, dat ons vandag soms ook verlang na 'n eenvoudige keuse.

Eienaar en uitgewer:
Stigting Woord en Wandel

Drukker: Printburo
Tel. (012) 335-9134

Kernredaksie: dr AJ de Visser
(eindredakteur)
ds C Kleijn
J Moes
A Roos
Mev. M de Vries

Redaksie: Mev. M de Vries
Cunninghamlaan 1299
Waverley 0186
Tel. (012) 332-3168

E-pos: Kompas@Cybertrade.co.za

Nederland: Mev. H van de Weide
Haakbergseweg 47
7161 BG Neede
Sel. 653 591 960

Administrasie: Mev. H Groenwold
Posbus 23931
Gezina 0031
Tel. (012) 335-2761

Intekengelde:
E-pos: R40 per jaar
Suid-Afrika: R80 per jaar
Nederland: Seepos •20
Lugpos • 30

'n Beroepskeuse kan in 'n welvaartstyd moeilik wees. En tog vra die Here van ons om ook in hierdie tyd van heelwat meer geleenthede te luister wat Hy vir ons lewe voor oë het. Want Hy roep ons vir 'n goddelike beroep. Vir die een so en vir die ander anders. Maar elkeen sal ook vandag goed moet kyk watter **talente** die Here hom gegee het, watter **belangstellings** die Here vir jou gee, en ook watter **geleenthede** Hy vir jou beskik. Die kruks is egter dat die Here roep. Hy roep die een om 'n onderwyser te wees, die ander as 'n elektrisiën en nog 'n ander 'n stads- en streeksbeplanner of rekenaarprogrammeerder. Goddelike arbeid in God se koninkryk.

'n KEUSE

Om 'n beroepskeuse te maak verg heelwat huiswerk. Dit begin allereers by die gebed tot die Here. "Here, hier is ek, u dienskneg of diensmaagd. Ek wil diensbaar wees in U koninkryk. Ek wil die gawes wat U my gegee het, gewillig uitbou in u diens. Wil U my wysheid en insig gee om tog helder te sien waar U my wil gebruik. Wil U die geleenthede oopmaak wat ooreenstem met u wil vir my lewe. Help my om my gawes en talente, asook die nood om my, goed te kan raaksien, sodat ek helder kan sien waar U my nodig het. Gee dat ek nie deur menslike en wêreldse oorwegings gelei sal word nie. Gee dat dit wat die wêreld nastreef soos geld, aansien, gemak en die minste moeite nie my keuse sal bepaal nie".

Ja, want al laasgenoemde speel dikwels so 'n groot rol. Ek werk *om* geld te verdien, so word gesê. Maar God se orde is heeltemal anders: Ek verdien geld *sodat* ek my werk kan doen. Die Here gee my gawes, ook geldelike gawes om my goddelike beroep te kan beoefen. Want my goddelike beroep word gestempel deur diens, diens en nogmaals diens. My goddelike beroep word nie gestempel deur so min as moontlik te werk vir soveel as moontlik geld, gemak en afdae nie. Nee, God roep ons om te dien. In die eerste plek om Hom te dien en ook die naaste. Offerdiens, daartoe roep God ons. En dit speel ook 'n groot rol by ons beroepskeuse. Die Here verheug Hom daarin dat Hy sy kinders besig sien, by die draaibank vir die een, by die siek pasiënt se bed vir die ander en besig met die oudit van finansiële state vir nog 'n ander. Besig in God se skepping - daar wil die Here ons sien, aan die gang, hardwerkend, gemotiveerd om Hom te vereer.

Maar ook tot diens aan die naaste. Ons beroepskeuse mag nie egosentries gemaak word nie, soos wat die algemene gevoel deesdae wel voorskryf. Jy moet tog seker maak dat jy genoeg tyd vir jouself bly behou, word dan gesê, vir jou stokperdjies, vir jou sportbeoefening ens. Maar die Here sien graag dat ons ons heeltemal oorgee aan ons roeping... Die Here sien graag dat ons elke môre met vreugde ons werk begin. God geniet daarvan as ons ons goddelike beroep geniet. Ons beroep mag nie 'n middel word om 'n ander doel te bereik wat ons koester nie. Nee, ten volle werk vir die heil van ons naaste, vir die goeie onderhoud van die gesin, kerk en skool, vir die heil van die samelewing. Om te werk in God se skepping, in diens van God, is ons hoogste doel in die lewe.

Dit is jammer dat in ons samelewing die gewone diensberoepe soos onderwysers en verpleegsters in onguns verval het. Vir die wêreld weeg die voordele en byvoordele van hierdie onderbesoldigde beroepe nie meer op teen die selfverwesentliking waarna gestreef word nie. Dit terwyl hierdie beroepe so 'n belangrike rol speel t.o.v. dienslewering in kerk en samelewing. Die gevaar is dat ons as gereformeerdes ook in ons beroepskeuse steeds meer gelykvormig word aan die vereistes van die gesekulariseerde mens en nie meer die diens en gawes van die Here vóór ons eie voordeel plaas nie. Gelowige ouers behoort hierin goeie leiding aan hul kinders te gee. Die gesin is baie belangrik by die maak van 'n beroepskeuse. Pa en ma behoort aktief besig te wees met hul

kinders om saam in afhanklikheid van die Here te soek na die plek waar die Here sy kinders wil gebruik. Waar sou my kind die beste met sy gawes werksaam kan wees as mede-arbeider van God? Biddend en positief behoort ouers leiding aan hul kinders te gee.

BELANGSTELLING, GAWES EN OMSTANDIGHEDE

Drie dinge moet oorweeg word by beroepskeuse: My **belangstelling**, my **gawes** en die **omstandighede** waarin die Here my geplaas het.

Jou **belangstelling** is belangrik. Trouens dit word deur die Here gewek. Wat sou ek graag wou word? Soos jy groter word groei hierdie vraag ook. Aanvanklik mag hierdie oorweging maar oppervlakkig wees. Alle seuns wil op 'n stadium byvoorbeeld 'n brandweerman word. Maar soos ons opgroei in God se diens moet die vraag meer diepgaande gestel word en is dit belangrik om krities na jouself te kyk en na die leiding van jou ouers te luister.

Die **gawes en talente** wat die Here jou gegee het is ook belangrik. Jy kan 'n belangstelling hê om 'n bouer te word, maar jou gawes pas nie noodwendig daarby nie. Miskien is jy meer geskik om 'n onderwyser te word. Soms moet jy jou begeerte prysgee en jou meer laat lei deur die vraag na watter gawes die Here jou gegee het. Ouers moet ook nie hul kinders in 'n rigting dryf as dit blyk dat hulle nie daarvoor geskik is nie, of as hul gawes beter by 'n ander beroep pas nie.

Ons praat van 'n beroep. Daarin hoor ons die woordjie '**roep**'. God roep ons. Hy roep deur ons **belangstelling, gawes**, maar ook deur die **omstandighede** waarin Hy ons plaas. Ons het al genoem dat die jaar 2002 baie geleenthede bied. Keuses is minder beperk as 'n honderd jaar gelede. God plaas ons in 'n tyd, land, stad en wêreld met baie geleenthede. Hy plaas ons binne 'n gesin met sekere omstandighede. So het Hy dit in sy wysheid bepaal. Dit bepaal ook beroepskeuses. Soms is die moontlikhede nie daar vir iemand wat baie graag predikant of onderwyser of rekenaarprogrammeerder sou wou word nie. God gebruik die omstandighede soos Hy dit bepaal het: 'Jy moet my hier dien en nie daar nie'.

God het ook verskillende **omstandighede** bepaal vir seuns en meisies. Binne die huwelik as God kinders gee, vra Hy alle aandag van ma aan die kinders. Ook van die man natuurlik, maar tog primêr van die ma om tuis te fokus op haar gesin. Ook al het sy 'n goddelike beroep waarvoor sy formele opleiding ontvang het, ook al is dit pragtig dat sy haar gawes in 'n beroep mag ontplooi. Sy het 'n verantwoordelikheid in haar gesin. Dit vra haar volle krag en tyd. Die kinderseën in die huwelik mag nie uitgestel word terwille van ma se beroep nie. Ons sien dit dat pasgetroude pare met geboortebeperkende middele die kinderseën as roeping en gawe van God uitstel. God bepaal die omstandighede, en as Hy roep en gee, vra Hy dat ons gehoorsaam volg.

ONS BEROEP IS AMPSDIENS

Daar is nog iets meer aan ons goddelike beroep. Dit is 'n **amp**. 'n Amp is 'n taak van die Here vir elke dag. Die amp van elke gelowige. Die amp van motorwerktuigkundige, die amp van verpleegster, skoenmaker en timmerman, die amp van huisvrou, die amp van ingenieur en die amp van rekenmeester. In die kerk word ons vir hierdie werk toegerus. Deur ywerige studie in God se Woord word ons bekwaam gemaak vir hierdie amp: 'n amp om ons goddelike beroep getrou te beoefen en die skriftuurlike norme oor elke lewensterrein te laat skyn. Die Gereformeerde onderwyser het 'n enorme taak om die kinders van die Here vir diens in God se koninkryk voor te berei. 'n Gereformeerde wetenskaplike het 'n groot taak om die wonders van God se skepping te ontdek, te beskryf, te klassifiseer en diensbaar te maak vir gebruik deur die mens, sodat die mens sy God kan dien. 'n Gereformeerde ekonoom het die roeping om die grondbeginsels vir goeie rentmeesterskap in die samelewing in te werk. 'n Gereformeerde bouer om kwaliteitwerk te lewer en sodoende 'n omgewing te skep waarin die mens sy God kan dien.

GEREFORMEERD WEES

Om Gereformeerd te wees beteken nie dat ek slegs Sondag in die kerk en in die Bybelstudievereniging die Here dien nie, maar ook om in my beroep Hom te dien. Ons hele lewe is ampsdiens, óók die beroepslewe. Daarom is die vraag na waar ek die mees vrugbare arbeid kan doen in die uitvoer van die taak wat die Here aan die begin aan die mens gegee het, grondliggend by beroepskeuse.

Mens hoef nie bang te wees dat deur hierdie vraag te vra, die beroepskeuses beperk sal word nie. Natuurlik is daar beroepe wat nie moontlik is vir God se kind wat erns maak met bogenoemde vraag nie. Alle beroepe wat primêr daarvan uitgaan om buite God se diens slegs geld te verdien en ook nie die welsyn van die medemens en samelewing dien nie, is 'n keuse wat 'n gelowige nie maak nie.

Om Gereformeerd te wees beteken om jou beroep **nougeset** uit te voer, wetend dat God jou daartoe geroep het. Hy het ons aan die werk gesit in sy skepping en eendag sal ons verantwoording moet doen oor hoe en waar ons gebou het. Om Gereformeerd te wees beteken om met **vreugde** jou werk te doen, met 'n opregte belangstelling daarvoor. Want Christus is Koning ook van die wetenskap en die tegniek, van alle terreine van die lewe. Daarom mag ons goddelike beroepskeuse meewerk aan die ontsluiting en regering van God se skepping. 'n Pragtige werk met ewigheidswaarde! (Ps.90:17) ¤

IN HEILIGHEID EN EER

- OOR DIE KEUSE VAN 'n LEWENSMAAT

Ds P Nel

TEMA: LEWENSKEUSES

"Ou seun, trou is nie perde koop nie" so het die "ou" mense altyd gesê. Hulle is reg. Trou, oftewel die keuse van 'n lewensmaat, is veel meer as "perre koop". Om nog 'n ou uitdrukking te gebruik: 'n Gegewe perd kan mens dalk nog in die bek kyk, maar jou lewensmaat is God se permanente gawe aan jou. Daarom moet mens seker maak dat jy die regte keuse maak.

Dink daaraan dat ons trou op die gemiddelde ouderdom van 23 jaar en dat ons gemiddeld ongeveer 60 jaar oud word. Dit beteken dat jy vir twee derdes van jou lewe in 'n permanente en intieme verhouding met een mens gaan staan. Dit terwyl jy vir een derde van jou lewe op jou eie was. In hierdie tyd van getroud wees gaan daar ingrypende dinge met julle gebeur. Dinge soos beroepskeuses, kinderopvoeding, siektes en 'n lewe in 'n veeleisende wêreld. Die manier waarop julle in julle lewensbootjie die dinge gaan trotseer sal bepalend wees. Dit is dus wys om te weet saam met wie ek in die skuitjie van die huwelik wil klim.

RAAD UIT DIE SKRIF

Vir die mense in Thessalonika was dit nie anders nie. Ook hulle ongetroudes moes as Christenmense 'n lewensmaat kry. Dink jou in. Daar was geen vorige geslag Christene nie. Waarvandaan sou 'n jong Thessalonisenser sy of haar lewensmaat kry? As hawemense het hulle gedurig die skepe sien inkom met vragte vol kosbaarhede. Die skepe het die stad en sy lewe wesenlik beïnvloed. Die skip het sy eienaar arm of ryk gemaak. Ook die gemeentelede moes die haweverkeer van die dokke af gadeslaan en wonder oor hulle eie verkering. "Wanneer" kon die ongetroude jongmens dink, "sou my skip kom?" Die Heilige Gees gee hulle in 1 Thessalonisense 4 riglyne waarvolgens hulle hierdie belangrike keuse moes maak. Interessant genoeg kan die "vrou" waarvan vers 4 praat en wat "verkry" word, ook met "skip" vertaal word. Dan kom die raad. Daar is 'n positiewe en 'n negatiewe aspek in die keuse van die huweliksmaat. Die keuse van die regte vrou moet positief, in heiligheid en eer gemaak word en nie negatief, in hartstogtelike begeerlikheid soos die wat God nie ken nie (:5). Kom ons raak prakties vanuit die raad van die eerste brief aan die Thessalonisense.

Die inisiatief is primêr by die man. Dit is hy wat die vrou moet "verkry". Dit sien ons regdeur die Skrif. Natuurlik is die vrou nie passief in die verkering nie. Sy moet ook seker wees dat die aanspraakmaker haar sal bemin soos Christus leer. Sy moet hom ook liefhê in Christus. Sy mag trou met wie sy wil "mits dit in die Here is" (1 Kor. 7:39).Sy het egter 'n voorsprong. Juis sy gedrag teenoor haar sal vir haar die deurslag gee!

INSKAKELING BY DIE GEMEENTE

Dit is belangrik dat die huweliksmaats nie net by mekaar inskakel nie, maar ook by die hele gemeente. Dit beteken in die gemeenskap van heiliges, by jou ouers, by jou vriende, by die kerklike lewe en aksies. Die rede is dat die hele gemeente die liggaam van Christus is (1 Kor 6:17-18; 7:39). In die gemeente is die heiligheid en eer waarvan Thessalonisense praat

duidelik gekwalifiseer. Dit is die heiligheid en eer van Christus wat die hoofsaak is. Hy word daar in die gemeente in heiligheid en eer gedien. Die gemeente se lewe staan soos dag teen die nag van die heidene wat in hartstogtelike begeerlikheid in 'n verhouding vasgerank en verstrik word. Vra jouself dus af hoe die lewensmaat se verkeer met almal in die gemeente is. Is daar 'n respek en liefde vir Christus en vir sy Woord? Is daar eerbied vir jou ander vriende? Is daar eerbied vir jou ouers se vereistes vir julle verhouding? Is daar respek vir jou eie standaarde? Kan julle net so goed kuier en gesels tussen ander as wat julle alleen is, of is die alleen wees die enigste trekpleister? Indien dit die laaste is, moet die rooi liggie flikker. Onthou hartstog kom nie net by heidene voor nie. 'n Verhouding wat begin is in en ook nie kan bestaan sonder "hartstogtelike begeerlikheid" nie, sal moeilik bestaan as daar nie meer hartstog is nie. In die lange jare van getroud wees neem die hartstog 'n baie klein plekkie in. Die bepalende is veel meer die inskakeling by die gemeente en by God se wil! In 'n snel veranderende kultuur van vrye liefde, disrespek vir ouers en kerkloosheid lyk die volgende riglyne handige ligtorings te wees wat ons skippie waarsku teen ruwe rotsbanke van ellende en hartseer.

Praktiese vrae oor inskakeling:

- Vir 'n nuwe lidmaat. Skakel hy of sy werklik in by die hele gemeente? Dit sluit in die leer van die kerk in al sy dimensies en 'n heilige lewenswandel met God. Bespreek julle hierdie dinge en is daar redelike konsensus? Stem jou maat saam oor die verval in die tradisionele Afrikaanse kerke en sien hy/sy die noodsaak om daarteen op te tree?
- Hoe kom jou maat met jou ouers ooreen? Wat is jou ouers se indrukke van jou maat en waarom is hulle dalk versigtig? Neem jy hulle opinie ernstig genoeg op? Bespreek die saak ook met hulle. Wat sê jou vriende?
- Sien jy by jou maat 'n opregte eerbied en agting vir Christus?
- Hoe spandeer julle julle vrye tyd? Is daar gesonde en gebalanseerde benutting van tyd? Doen julle byvoorbeeld projekte en stokperdjies saam?

KOMMUNIKASIE

Dit is nou maar net so dat mans en vroue tog op 'n manier "anders kommunikeer". 'n Rasionele argument en fisiese kontak sal veel meer na vore kom by die man, en emosionele vrae en soeke na geborgenheid by die vrou. Die fyn verskille vloei uit die wonderlike samestelling wat die Skepper in ons ingebou het. Hy het ons man en vrou geskape. Die geslagtelikheid deurdrenk ons hele wese. Man-wees en vrou-wees is deel van ons. Dit bepaal daarom hoe ons kommunikeer. Maar tussen mense van dieselfde geslag is kommunikasie 'n kuns, en net so tussen verskillende geslagte. Dit vra om te luister en nederig en eerlik te luister en te formuleer. Kommunikasie het dan ook weer verskeie vlakke. Dit groei van die gewoon byna niksseggende interaksie van "more" of "daaaaag" na die mees intieme kommunikasie van diepste gevoelens deel en konstruktief uitwissel met mekaar.

Hier moet ons gou 'n illusie uit die weg kry. Die seksuele word bepaal deur die vermoë tot kommunikasie en nie andersom nie! In gewone taal beteken dit die seksuele is nie so onmisbaar as wat die wêreld (die heidene) jou wil wysmaak nie. Daarom is 'n verwarde professor se onlangse (ver)raad dat verloofdes eers intiem moet wees voor hulle trou 'n leuen van Satan self. Daar is immers menige paartjies wat heel goed kon liefkoos, wat later met droewige gevolge uitmekaar gegaan het. Veel belangriker is die vermoë om boesemvriende te wees. 'n Liefdesverhouding tussen man en vrou, gewortel in vriendskap, is veel meer deeglik en omvattend as die eendimensionele fisiese verhouding. Dit is gerat om, met die krag van die Heilige Gees, die ergste trotsering te kan deurstaan.

Praktiese vrae oor kommunikasie:

- Is intieme kontak reeds van vroeg af 'n deel van julle verhouding? Kan julle heerlik kuier sonder enige aanraking en kuier julle net so goed met vriende en julle ouers as alleen?
- Kan julle 'n saak wat spanning bring regtig uitpraat sodat altwee werklik gelukkig is? Erken jou maat sy aandeel van die fout? Word julle wedersyds in ag geneem in beplanning van 'n saak? Hoe kommunikeer jou maat met ander?
- Wat is julle rolverwagtings van mekaar? Kan julle mekaar vind in die model van Efesiërs 5:21-33? Pasop maar vir 'n meisie wat die sake te veel wil reël en net so vir 'n man wat dit te maklik laat reël!
- Hoe lyk jou maat se gebedslewe? Is daar 'n lewende kommunikasie met God in sy/haar lewe?

Hierdie is maar 'n paar gedagtes, maar hulle sal jou verseker help in jou allerbelangrike keuse. Mag God jou lei deur sy Gees. ¤

’n JAAR OORSEE?

AJ van der Lugt

TEMA: LEWENSKEUSES

Die jaar staan al weer einde se kant toe en jy is besig met jou matriekeksamen. Dis ’n heerlike gedagte om na twaalf jaar op die skoolbanke ’n nuwe fase in jou lewe te betree. Jy sien al lankal daarna uit.

Maar hoe lyk hierdie nuwe fase? Jy is nog onseker wat jy volgende wil gaan doen. Om werk te kry lyk maar moeilik. Volgens onlangse koerantberigte het so min as 5% van hierdie jaar se matrikulante kans op ’n vaste werk na matriek. En as jy wel een van die gelukkiges is, is die geld maar min. Dalk is dit beter om verder te studeer. Maar in wat? Jy voel eintlik nog nie gereed om die groot loopbaanbesluit nou al te neem nie. Jy sou eerder wil geld verdien en vir ’n tyd jou eie ding doen.

Daar is ’n ander moontlikheid: wat van oorsee gaan vir ’n jaar of twee, los werkies doen en die wêreld sien? Jy kan altyd daarna terug kom en ernstig gaan werk aan jou loopbaan. Maar vir eers wil jy ’n tyd wegbreek en ’n slag uit die huis uit kom….

Hoe aantreklik hierdie gedagtegang is, blyk uit die groot getalle jongmense wat Suid-Afrika jaarliks verlaat vir ’n werksvakansie in Engeland of Europa. Die meeste van hulle kom mettertyd terug, hoewel sommige eintlik maar bly rondswerf totdat hulle eendag êrens hul tuiste vind. Hierdie verskynsel kom ook in ons kerke al hoe meer voor. Talle gesinne het een of meer kinders in die buiteland wat af en toe met ’n beursie vol ponde of Euro’s die son kom opsoek, om kort daarna maar weer koers te kry. Dit het ’n werklikheid geword. Suid-Afrika is deel van die al kleiner wordende wêreld waarin veral jongmense rondrits asof dit nog nooit anders was nie. Hoe aantreklik dit ook al mag lyk, moenie net halsoorkop op ’n vliegtuig klim nie. Die stap is groter as wat dit lyk en het ’n hele paar implikasies. Oor die belangrikstes daarvan wil ek ’n paar opmerkings maak wat mag help met die oorweging.

INGRYPEND

Oorsee gaan beteken vir die meeste jongmense dat hulle vir die eerste keer die ouerhuis verlaat. Dit sou mettertyd in elk geval gebeur het, maar op ’n meer geleidelike manier. My ondervinding is dat jongmense na skool graag op eie bene wil staan, behalwe vir wasgoed, kos en sakgeld. Maar oorsee gaan is veel ingrypender. Jy laat vriende en familie agter en gaan lewe vir ’n tyd jou eie lewe. Verby is die gereelde kuiertjies, die rustige gesprekke, verjaarsdae en gesins-infrastruktuur. Jy is nou op jou eie. Weeksdae, Sondae, verjaarsdae, dag na dag. Vir baie beteken dit maar een ding: eensaamheid en verlange. Die telefoonoproepe of text-boodskappe het meestal maar een vraag: wat maak julle? Hoe gaan dit met broer of suster, of met my hond? Die verbondenheid met die gesin bly lewendig, alles is net so ver weg.

Dit maak natuurlik ’n verskil as jy by direkte familie gaan bly. Dan is daar ten minste ’n oom of tannie waarmee jy meer ‘eie’ is. Tog is hierdie verskil maar net gradueel. Want hoe goed hulle jou ook al opvang, hulle lewe hul eie lewe met hul eie gesin in ’n ander kultuur as wat ons mee vertroud is. Sulke kultuurverskille kan beteken dat jy ontuis voel of aanpassingsprobleme ondervind. Die hoë welvaartsvlakke het die Westerse samelewings verindividualiseer en mense is baie op hulself gerig. Veral in stedelike omgewings is mense oor die algemeen minder gasvry as waaraan ons in SA gewoond is en sal jy nie iemand besoek sonder ’n afspraak nie.

NEDERLAND

Om ’n kerklike tuiste te kry is in Nederland redelik eenvoudig. Ons het ’n susterkerkrelasie met De Gereformeerde Kerken (Vrijgemaakt) wat plaaslike kerke oor die grootste deel van die land het waarby jy net kan aansluit. Of jy by daardie gemeentes sommer gaan tuis voel is nie ’n uitgemaakte saak nie. Gemeentes kan van plek tot plek nogal verskil en so ook die mense. Jongmense het al aan my genoem dat hulle moeilik in bestaande vriendekringe opgeneem word en dat die mense daar so anders is. Dit laat mens besef dat kultuurverskille ’n werklikheid is, selfs tussen gelowiges.

Daarby kan die kerklike klimaat van gemeente tot gemeente nogal drasties verskil. Mens hoef maar net die kerklike pers uit Nederland te volg om iets daarvan te proe. Die een gemeente is behoudend konfessioneel, die ander, soos iemand dit onlangs vir my skryf, ‘begin lyk na ’n sirkus – elkeen maak wat reg is in sy eie oë’. Ons lees oor die gebruik van soft drugs onder kerkjeug, saamwonery van ongetroudes, ’n hoë voorkoms van voorhuwelikse seks ens. Al wat ek hiermee wil illustreer, is dat jy binne die Vrijgemaakte kerke ook sal moet keuses maak met wie jy wil

omgaan en hoe jy wil lewe. Dalk selfs - en ek sê dit met huiwering, by watter gemeente jy wil aansluit.

ENGELAND

Die Engelse situasie is weer heeltemal anders. Die meeste lidmate wat in Londen en omgewing woon, sluit hulle aan by Cole Abbey. Dit is (hul eie woorde) 'n evangeliese Presbiteriaanse kerk, die Londense gemeente van die Free Church of Scotland. Dit is 'n belydende kerk met lidmate van oor die hele wêreld.

Die uitgestrektheid van groter Londen maak dit moeilik om werklik by die kerklike lewe betrokke te raak. Omdat Cole Abbey in die hart van Londen lê en afstande groot is, kan dit tot 'n uur neem om met die Underground by die kerkgebou te kom. Die gemeente het min jeug en het dus in elk geval beperkte inskakelingsmoontlikhede met leeftydsgenote. Dit beskou ek dan ook as die grootste tekortkoming van hierdie gemeente. Juis omdat jy vriende en familie agtergelaat het, is kontak met gelowige jongmense onmisbaar.

Dalk meer nog as in Nederland gaan jy self verantwoordelikheid moet neem vir die bywoon van eredienste en kerklike betrokkenheid. Daar word geen attestate uitgegee vir Cole Abbey nie en die ampsdiens funksioneer nouliks. Die gemeente is vakant, die ouderlinge het hul hande vol om die gemeentelike sake in orde te hou en sal nie af en toe kom inloer om te hoor hoe dit gaan nie. Omdat niemand tyd het nie ('n groot deel van die dag kan opgaan in 'commuting') en mense ver uit mekaar bly, sien jy deur die week meestal geen mede-gelowiges nie. So verarm jou geestelike lewe sommer gou-gou deur eie verwaarlosing en jou lewensomstandighede.

GEBREKKIGE DISSIPLINE

Weens die tekort aan bekostigbare huisvesting beland menige vakansiewerker in 'n kommune met ander Suid-Afrikaners van beide geslagte. Die atmosfeer kan sterk wissel, afhangend van die mense met wie die gerief gedeel word. Baie van die jongmense geniet vir die eerste keer volle vryheid in 'n stad waar alles kan en mag. Drank en dwelmgebruik kom gereeld voor, en privaatheid bestaan nouliks. Onder sulke omstandighede is dit bitter moeilik, indien nie onmoontlik nie, om 'n dissipline van gereelde Bybellees en gebed te handhaaf.

Waar Christenwees en kerkgang in Suid-Afrika nog algemeen aanvaar word stuit mens in Engeland en Nederland op blatante ateïsme. Sulke mense is dikwels grof en maak geen geheim van hul minagting vir jou oortuigings nie. En al deel jy nie 'n woonplek met sulke mense nie, ontmoet jy hulle wel in die werksplek. Hul brutaliteit en arrogansie kan 'n jong Christen maklik intimideer en aftakel, tensy jy sterk in jou skoene staan en bereid is om teen die stroom in te gaan. Dis selfs moeiliker as hulle jou met spot benader – hoe kan jy as intelligente wese so dwaas wees om in 'n God te glo en kerk toe te gaan; dis belaglik!

Die tipiese werksgeleenthede wat vir vakansiewerkers beskikbaar is, kan 'n slordige lewensstyl in die hand werk. Daar word lang ure gewerk in kroeë, as sekuriteitswagte en in allerlei ander hoedanighede waarvoor die plaaslike mense nie kans sien nie. Baie werkgewers vereis naweekwerk of nagdiens, wat dit byna onmoontlik maak om die Sondag as die dag van die



Here te vier en eredienste by te woon. As jy jou moeite met so 'n reëling aan die werkgewer oordra, word dit meestal begroet met irritasie – as jy nie die werk wil doen nie, kry ons iemand anders.

VERVREEMDING

Ten slotte wil ek nog wys op die gevaar van vervreemding. Jongmense wat vir langer tye in die buiteland gewerk het, kan swerwers word. Aan die een kant sien hulle op die langer termyn nie kans om in die buiteland te bly nie. Dit kan die gevolg wees van klimaat, leefomstandighede ens. Aan die ander kant het hulle al so veel blootstelling aan die kosmopolitaanse lewenswyse gehad dat hulle ook nie meer vir die 'enger' Suid-Afrika en sy klein kerklike opset kans sien nie. Hulle is permanent ontwortel en voel nêrens meer tuis nie.

Die praktyk leer dat baie jongmense nie gereed is om oorsee te gaan nie. Hulle is nog nie geestelik en emosioneel volwasse genoeg om in 'n vreemde land verantwoordelik met hul vryheid om te gaan en getrou te bly lewe as kind van die Here nie. Sulke jongmense moet dit dan ook liewer nie aanpak nie, veral nie as die doel is om onder die ouers (en die kerkgemeenskap) se oë uit te kom nie.

Maar vir verantwoordelike Christenjongmense wat dit met oop oë aanpak kan 'n jaar oorsee 'n wonderlike manier wees om iets van die wêreld te sien, 'n bietjie geld te spaar en vir 'n tyd jou eie potjie te krap. ¤

OUERS EN TIENERS

Henria Stolper

LEWENSWANDEL

Het jy ook al, soos ek, met jou hande in die hare gestaan en wonder wat om nou weer vir jou tiener te sê? Wat jy ook al sê, dis tog immers verkeerd in haar oë. Sy sê mos jy verstaan haar nie, jy is ouderwets en bekrompe en … Wat het geword van die liewe klein dogtertjie wat altyd jou hand wou vashou – die lieftallige kind van 'n paar jaar gelede?

Die tyd toe jou kind nog vertroulik sy handjie in jou hand geplaas het by openbare plekke, toe die groot wêreld daar buite nog bedreigings ingehou het, is nog nie verby nie. Hy plaas inderdaad nie meer sy hand in die van jou nie, maar wys en 'skree' op ander maniere dat jy hom tog asseblief moet vashou, bevestig en beskerm. Dat jy tog asseblief vir hom moet wys dat jy vir hom lief is, want die wêreld daar buite is vir hom so deurmekaar en kompleks!

Dit is juis gedurende dié fase dat jy daar moet wees vir jou kind. Is dit nie so dat benewens alle ander verlangens dit juis die verlange na 'n onfeilbare relasie is wat by elke mens die diepste is? 'n Relasie met iemand wat vir-haar-daar-is, wat haar nie in die steek sal laat nie, wat haar onvoorwaardelik lief het, met wie sy intiem kan verkeer. Hierdie verlange het jy bevredig toe sy nog 'n klein dogtertjie was, maar nou sê sy dat sy groot is. Jou seun sê dat hy jou nie meer nodig het nie, dat hy graag op eie bene wil staan en nie kan wag vir die dag dat hy self kan besluit oor sy eie lewe nie. Dit lyk asof sy vriende meer invloed op hom het as al jou gepraat en gepleit en selfs al die raas. Die norme wat die wêreld stel maak skielik vir hom so baie saak. Hy bevraagteken dit wat jy hom geleer het. Dit lyk selfs asof hy doelbewus oortree. Jy het miskien die gevoel dat jy hom verloor. Jy het dalk al baie trane van mismoedigheid gestort en die Here op jou knieë gesmeek om hom te bewaar.

Vir heelwat ouers is die kind se puberteit 'n krisistyd. 'n Tyd van rusie, onbegrip, en verwyte. Tog reken kenners dat dit juis gedurende dié fase van ons kinders se lewens is dat ons groot belangrike voortbouwerk aan hulle opvoeding kan verrig. 'n Skrywer noem selfs die jare: "The age of opportunity".

Wat is dit wat jou kind skielik so anders maak? Die een moment is sy haar ou self om net die volgende oomblik weer die vreemdeling te wees. Die een wat met woorde harde houe slaan, wat haar kamerdeur toesmyt na een enkele vir-haar-verkeerde-opmerking, wat skielik huil oor 'n netelige sakie… Die rede vir die groot verandering lê op 'n liggaamlike sowel as intellektuele vlak.

VERANDERING

Tussen twaalf en veertien kry meisies mooi rondings en die kinderliggaam groei tot dié van 'n jong vrou. Nie alleen wat betref hul lengte, maar ook wat betref hul optrede is hul 'groter' as die seuns in hul leeftydsgroep. Seuns ontwikkel meestal tussen veertien en sestien en skielik groei daar hare op die voorheen gladde vel en sy bene en arms lyk soos tentakels waaroor hy nie altyd motories beheer het nie. Sy stem kry so 'n piep-piep wat enige tyd kan opklink. Hy voel beslis nie beïndruk met homself nie.

Die mense om haar heen behandel haar skielik anders: *Jy is mos nou al mooi groot, gedra jou dan ook so!* Aan die klein kind in die groot liggaam word nou eise gestel wat nie by haar pas nie. Erger nog, dis nie slegs ander wat eise stel nie, sy stel ook allerlei eise aan haarself! Modelle en sterre in tydskrifte en op televisie word haar ideaal. Sy wil ook eendag beroemd wees. Sy wil net so 'n lyfie hê soos die en 'n gladde vel soos die, eer en bekwaamheid soos 'n ander. Sy begin meer minute voor die spieël spandeer en bemerk tot haar groot ontsteltenis dat sy nie so 'n vel het nie – erger nog: sy het selfs nog weer 'n paar puisies by gekry! Ook die seuns met hulle uit-verhouding-liggame lyk nie soos die kragfigure op TV nie. Nie goed genoeg nie, bestempel tieners hulself. Gevoelens van minderwaardigheid ontstaan.

Op intellektuele gebied gebeur daar ook baie gedurende die storm en drang jare. 'n Tiener is opeens in staat tot formele denkvermoë: Skielik sien hy die verband tussen oorsaak en gevolg. Hy sien die spanningsveld tussen feite en ideale. Hy beskik nou oor die vermoë om hom in 'n ander mens in te lewe en hy kan selfs gebeure in die toekoms voorsien. Dit veroorsaak dat hy dus nou ook in staat is om probleme in sy omgewing – waarvan hy voorheen onbewus was – raak te sien. Spanning en angs is dikwels die gevolg.

Alhoewel die tiener is staat is tot volwasse denke, beteken dit nie dat hulle daarvolgens kan handel en optree nie. Hulle interpretasie

van dit wat hulle waarneem is nie altyd in ooreenstemming met die waarheid nie en is oorwegend subjektief gekleurd. Dit op sigself veroorsaak verwarring, onsekerheid en 'n gevoel van onveiligheid:

Omdat sy die kontras tussen feite en ideale kan raaksien, sien sy ook dat haar ouers wat eens haar helde was, nie die ideale ouers is nie. Sy sien dat hulle ook faal en fouteer en selfs nie altyd voldoen aan die norme wat deur hulself gestel word nie. Dit veroorsaak 'n gevoel van intense teleurstelling. 'n Gevoel van ek-is-in-die-steek-gelaat wanneer hulle nie op haar reageer soos sy wil hê dat hulle moet nie. Sy beleef: Hulle verstaan my nie…

Adolessensie – kenners meen dit duur van twaalf tot twee en twintig jaar! – is beslis vir die kind 'n moeilike fase. Wel in staat tot formele denkvermoë, ontbreek dit hulle egter aan perspektief om situasies objektief te beoordeel. Tieners is uiters subjektief. Na die besoek van 'n tienerdogter se vriendin, merk haar vader op dat die vriendin sulke mooi maniere het. Die reaksie van die tienerdogter: *Pa wil dus eintlik sê dat ek nie goeie maniere het nie!*

OUERS SE ROL

In hierdie onseker, deurmekaar belewingswêreld verkeer ons tieners. Dit ontbreek hulle aan die regte insig en wanneer Pa of Ma dit in die regte perspektief wil stel moet hulle dikwels hoor: *Julle verstaan nie!!!* Hoe dikwels word 'n klein berisping geïnterpreteer as: *Hulle is kwaad vir my. Hulle hou nou seker nie meer van my nie.* Hoe belangrik is dit egter dat ons as ouers nou vir hulle geborgenheid bied en liefde gee. Hoe belangrik die skouerkloppie vir die seun en die warm hand van aanmoediging vir die dogter. Die liefdevolle arms en persoon wat hulle wil aanvaar net soos hulle is. Wat verstaan hoe hulle diep binnekant voel: verward, onseker en minderwaardig.

Ons as ouers faal egter dikwels en reageer self soms ook verkeerd. Dit is die gebrokenheid in onsself waarteen ons ook daagliks moet stry.

Die belangrikste taak vir ons as ouers is egter om hulle te leer dat Vader in die hemel hulle onvoorwaardelik lief het. Sy liefde word nie minder wanneer hulle fouteer nie. God meet hulle nie aan hulle gedrag, voorkoms en prestasies nie. Vader se liefde lê veranker in sy Seun wat al ons swakhede op Hom geneem het. Ons moet ons kinders leer om hulle onseker hande in God se Vaderhande te plaas. Om met alle hartseer, teleurstelling, verwarring en pyn na Hom te gaan.

Wanneer ons as ouers dit nie doen nie, sal die tiener voortgaan op die dwase pad van doen-dit-self: As ander dan so en so 'n negatiewe beeld (soos hy dink…) van hom het, sal hy sy uiterste bes doen om die beeld te verander. So sien ons tieners wat naarstiglik probeer om 'in' te wees. Hy wil behoort-by. Ander moet tog net dink hy's 'cool'. Hy gaan liewer dood as om uit die groep te wees. By sy vriende soek hy erkenning en bevestiging wat hy dikwels nie by hulle kry nie. Een enkele afkrakende woord of kyk kan sy hele selfopgeboude pogings in mekaar laat tuimel. Hy sal egter weer probeer, maar hierdie keer anders….

Meisies se uiterlike voorkoms word dan vir hulle die laaste hoop! Deur hulle liggame kan hulle die aandag kry waarna hulle smag, al is dit ook kortstondig. Hulle sal die dwase pad loop en redeneer: *As ek mooi lyk is ek gewild, maak ek maklik vriende. Ek moet ten alle koste in die mode bly.* Wat 'n vreeslike ellende wanneer sy bemerk dat sy 'n paar kilogram gewig opgetel het. Uiterlike skoonheid word 'n obsessie en die arme tienerdogter sal haarself maer eet of selfs ophou eet.

Dit is egter nie slegs ons as ouers wat 'n taak het om ons kinders te leer van die Een wat onvoorwaardelik lief het en wat vir hulle self ook liefde en geborgenheid moet gee nie. Ons moet ook ons kinders leer om die liefde aan mekaar te bewys! Kerkjeug moet mekaar onvoorwaardelik aanvaar. Ander norme hanteer as die wêreld. Die Here het hulle immers aan mekaar gegee. Mekaar aanvaar, ongeag die voorkoms. Mekaar bevestig en omgee. Luister vir die wat met vrae worstel en moenie afwys nie. Help mekaar in die stryd. Betrek die jeugdige wat stadig maar seker stil-stil eenkant raak en nie meer deelneem aan jeugaktiwiteite nie. Gee mekaar die gevoel van behoort-by. Elkeen het immers die verlange om te behoort-aan. Ons moet ons kinders leer om vir mekaar te bid, maar ook om met mekaar te bid. Kerkjeug mag mekaar se laste dra en dit saam in God se Hande neerlê.

Dit is ons tieners. So lyk hulle en so voel hulle. Ons moet hulle van Christus se onfeilbare liefde leer. As ons dié perspektief in alle situasies voor oë hou, doen ons reg. Die egter nie 'n maklike pad nie. Ook nie 'n pad wat ons kinders graag loop nie. Baie probleme en moeites om die doel te bereik. So dikwels dat ons self fouteer. Vergeet egter nooit dat hulle God se kinders is nie. Daarom mag jy hulle in God se sorg plaas tydens jou gebede. Jy mag Vader vra vir krag, wysheid en geduld. Jy mag Hom vra om jou verwarde tiener deur sy Heilige Gees te regeer. Wat 'n heerlike blydskap dat ons as ouers nie alleen die opvoeding hoef te behartig nie! Wat 'n vreugde dat God dit is wat harte kan verander deur die kragtige werking van sy Gees! Slegs so sal ons tieners ook voortaan alleen vir Hom wil lewe! ¤

ZIMBABWE TUSSEN HOOP EN VREES

Dr. AJ de Visser

VERSLAG

'n Besoek aan Zimbabwe is 'n merkwaardige ervaring. Die land lyk rustig en die mense is baie vriendelik. Daar is baie minder kriminaliteit as in Suid-Afrika. Vir 'n toeris is dit steeds 'n fantastiese land. Maar as jy in die gewone (swart)mense se huise kom, is dit 'n ander storie. 'n Impressie van 'n besoek aan Zimbabwe, Oktober 2002.

Dit is met 'n effense huiwering dat ek met my mede-reisigers die grens by Beitbrug nader. Die televisie-beelde van blanke boere wat deur swart oproeriges van hulle plase afgejaag word, sit vars in die geheue. Maar aan die ander kant het ons die versekering gekry dat die situasie in die land rustig is. Die doel van ons reis is om 'n besoek te bring aan enkele CCAP-kerke in Zimbabwe. My reisgenote is ons teologiese studente Sam Matlhokoane en Jerry Mhlanga en die broeders Joop Parre, Harmen Klok en Leen de Visser. Die Zimbabwiese doeane-beamptes is vriendelik. Sam en Jerry gaan gratis deur. Die broeders met Nederlandse paspoorte betaal R250 vir 'n visum.

Suid-Afrikaanse geld blyk 'n gewilde item te wees in Zimbabwe. Onmiddellik nadat ons die grens oorgesteek het, is daar jongmanne langs die pad wat aanbied om Zimdollars te ruil vir Rande. "Seventy, seventy", skree hulle. Ek kan my ore nie glo nie: 70 Zimdollar vir 'n Rand? Die amptelike koers is dan 9 Zimdollar vir 'n Rand! Tog blyk dit waar te wees. By 'n petrolstasie 'n paar kilometer verder bied die petroljoggie 65 Zimdollar vir 'n Rand. Ek weet nie of ek heeltemal binne die perke van Mugabe se wette optree nie, maar ek besluit om R100 te wissel en kry 6500 Zimdollar daarvoor. Die aangename gevolg is dat party produkte in Zimbabwe nou skielik baie goedkoop is. 'n Liter petrol is drie maal goedkoper as in Suid-Afrika en 'n nag in 'n hotel kos, omgereken, slegs R50,00.

Na 'n reis van meer as 1000 km bereik ons Kadoma, 'n stad suidwes van Harare op die Bulawayo pad. Sonder veel probleme vind ons daar die kerkgebou van die CCAP waar ons baie vriendelik verwelkom word deur ds. Katundu en sy gesin. Ek het ds. Katundu laasjaar vir die eerste maal ontmoet tydens 'n predikante-konferensie in Harare. Vroeër hierdie jaar het ek hom weer ontmoet tydens die IRTT se kursus vir kerkleiers in Zwolle, Nederland. Hy het my genooi om sy gemeentes te kom besoek en ek het die uitnodiging aangeneem. Die gevolg is 'n intieme kennismaking met die situasie van die gewone inwoners in Zimbabwe en die situasie van die kerke meer spesifiek.

SWAARKRY

Op talle maniere kom ons agter dat die mense van Zimbabwe swaarkry. Die Mugabe-regering se beleid om blanke boere van hulle plase te verwyder en hulle te vervang met oorlogsveterane het veroorsaak dat die oeste veel minder is as in die verlede. Bowendien was daar die afgelope seisoen 'n ernstige droogte ("dit 'n straf van die Here", sê die mense). Die gevolg is dat daar 'n tekort aan die basiese voedselsoorte is. 'n Mens is nooit seker of daar brood in die winkels sal wees nie. Die een dag is dit daar, die volgende dag nie. Die enigste plek waar jy altyd iets kan kry, is die swartmark, maar daar betaal jy vier maal die gewone prys.

As ons die volgende oggend van Kadoma na die hoofstad Harare ry, sien ons die gevolge van Mugabe se politieke beleid. Links en regs van die pad is daar landerye wat nie bewerk word nie. In sommige gevalle staan die oes op die land, maar die boer het intussen padgegee en niemand weet wie die oes sal inhaal nie. Maar in die meeste gevalle lê die lande net daar sonder dat daar iemand is wat ploeg of plant. Dit is 'n troostelose gesig as 'n mens weet dat daar 'n hongersnood in hierdie land dreig. Soms is daar skielik weer 'n plaas waar daar gewerk word: Daar is mielies geplant, daar is besproeiing, en plaaswerkers is aan die gang. As ons vra wat die rede is dat hierdie boer nog kan voortgaan, is die antwoord: Dit is 'n "European farmer". En die ander wat weggejaag word? Dit is "British" boere of Suid-Afrikaners…

In die twee dae dat ons ons broeders en susters in Kadoma en Chegutu besoek, kom ons agter dat daar slegs enkeles is wat sonder sorge kan lewe. Die Saterdagaand eet ons aandete by 'n broeder wat 'n myn-ingenieur is by een van die goudmyne naby Chegutu. Daar is vyf soorte vleis en allerhande groentes en dit is duidelik dat hierdie gesin niks kortkom nie. Die Sondagmiddag eet ons by 'n sakeman wat verskeie winkels het in verskillende stede in Zimbabwe. Ook dié gesin ly geen gebrek nie. Maar verder is daar baie armoede en geweldige frustrasie onder die mense. Ons praat met broeders – hoofde van gesinne – wat dringend werk soek maar dit nie kan kry nie. Ons praat met jongmense wat hulle skoolloopbaan voltooi het en wat 'n loopbaan soek. Maar daar is geen moontlikhede nie. En almal sê vir ons hoe gelukkig ons is in Suid-Afrika…

Ds. Katundu kry ook swaar. Hy het 'n basiese salaris van 9000 Zimdollar per maand. As 'n mens dit in terme van koopkrag uitdruk, is dit genoeg om drie maal 'n petroltenk vol te maak. Hoe kan dit ooit genoeg wees om in 'n gesin se voedselbehoeftes te voorsien? Ds Katundu is baie gelukkig omdat sy twee oudste seuns 'n vaste werk gekry het. Hulle werk altwee as tolke by die departement van justisie, die een in Harare, die ander een in Bulawayo. Die ander kinders is egter almal nog by die huis. Drie seuns het ook hulle skoolloopbaan

voltooi, maar kon nog nie werk kry nie. 'n Dogter is getroud, maar die skoonseun het ook nie werk nie. Dan is daar die jonger kinders wat nog skoolgaan. Daar is dus baie monde wat gevul moet word. Ondanks die situasie kry ds Katundu se vrou dit reg om elke dag 'n stewige ontbyt vir ons te berei: brood, wors en eiers. Ons begin amper skuldig voel dat ons hierdie mense se kos eet. By die afskeid besluit ons om 'n koevert met Suid-Afrikaanse banknote by die gesin agter te laat. Hulle sal wel weet waar om die meeste Zimdollars daarvoor te kry!

'n Groot kremetart noord van die Limpopo

ONBEGONNE TAAK

Ds Katundu is predikant van die CCAP-gemeente in Kadoma. Verder is hy die konsulent van die gemeente in Chegutu (60 km na die Noorde toe) en het hy ook die supervisie oor vyf addisionele preekpunte in wye omgewing. Vir alle praktiese doeleindes is ds Katundu verantwoordelik vir sewe gemeentes, maar dit is 'n onbegonne taak. Aangesien hy nie vervoer het nie, kan hy slegs een gemeente op 'n Sondag bedien. Op die ander plekke preek die ouderlinge. Ds Katundu probeer om hulle leiding te gee by die preekvoorbereiding, maar weens die praktiese probleme kom hy nie werklik daarby uit nie. Dit is vanselfsprekend dat die gehalte van die prediking nie altyd na wense is nie. Dieselfde geld vir die gehalte van die kategeseklasse vir die jeug van die gemeentes.

Tydens ons besoeke aan Kadoma en Chegutu is ons verwonderd dat die Here hierdie gemeentes tog in stand gehou het. Ondanks die feit dat die gemeentes nouliks hulle predikant kan onderhou, en ondanks die feit dat die prediking en onderrig noodwendig van 'n swak gehalte is, kry ons die indruk dat dit werklik lewende gemeentes van die Here is. Die gemeente van Chegutu groei selfs as gevolg van evangelisasie en hulle sou graag 'n groter kerkgebou wil hê. Ons is beïndruk met die toewyding van eenvoudige ouderlinge wat die kudde van Christus na die beste van hulle vermoë probeer wei.

Die afkorting CCAP staan vir *Church of Central Africa Presbyterian*. Ondanks die naam is hierdie gemeentes nie Presbiteriaans nie maar gereformeerd. Die CCAP is 'n vrug van die sendingwerk van die NGK in Malawi. Die lidmate van die CCAP is oorspronklik almal Malawiërs wat na Zimbabwe gekom het om op die plase te werk.

Die NGK het natuurlik ook sending onder die Shona-bevolking in Zimbabwe gedoen, met Morgenster (by Masvingo) as die sentrale sendingpos. Die CCAP het goeie kontakte met die Shona-kerk, maar het kerklik eenheid met die CCAP van Malawi.

Nadat Mugabe enkele dekades gelede aan die mag gekom het, moes die bande met die NGK in Suid-Afrika noodwendig tot 'n groot mate deurgesny word. Die sendelinge is terug na Suid-Afrika toe en die finansiële ondersteuning is oor die afgelope jare heen teruggesny tot 'n minimum.

Die lidmate van die CCAP vandag is almal tweede of derde generasie immigrante uit Malawi. In die eredienste word daar nog steeds Chewa gepraat, die taal van Malawi, maar die mense kan ook almal Shona praat. 'n Deel van die lidmate is nog plaasarbeiders – dit is hulle wat nou saam met die boere weggejaag word. Maar die grootste deel van die CCAP se lidmate het intussen na die stede getrek – hulle oorweeg nie om na Malawi terug te gaan nie.

GEMENGDE GEVOELENS

'n Besoek aan CCAP-gemeentes laat 'n mens met gemengde gevoelens. Die armoede van die broeders en susters, hulle opregte begeerte om die Here te dien, die moeites en tekorte in die kerklike lewe wat hulle nouliks kan aanspreek – dit alles laat by 'n mens die begeerte groei om iets vir hierdie kerke te kan beteken.

Hoe en op watter manier? Ons weet nie. Die CCAP het aangedui dat hulle graag die bande met die Gereformeerde Kerke (vrygemaak) in Nederland wil versterk. Daar is goeie kontakte met die IRTT, die sendinginstituut van die GKV. Hulle soek ook nouer bande met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

Miskien kan daar meer intensiewe kontakte kom. Miskien mag ons op hierdie manier meer begin beteken vir kerke in Suider-Afrikaanse buurlande wat net soos ons Jesus Christus as enigste verlosser aanbid. Mag die Here ons hierin die pad wys. ¤

DIE OFFERGAWES IN DIE EREDIENS

Dr J Visscher

LITURGIE

Terwyl die prediking, sakramente en liedere baie aandag in ons erediens ontvang, kan dieselfde nie van die kollektes gesê word nie. Dit lyk asof dit byna 'n vergete aspek van die liturgie is. Tog is dit jammer en behoort die offergawes 'n geëerde en gerespekteerde plek te vind wanneer gelowiges die Here ontmoet.

DIE LITURGIESE PLEK

Hoekom is dit 'n vergete aspek? 'n Deel van die probleem kan te doen hê met die plasing van die kollektes in die erediens. Daar is twee voorgestelde ordes van die erediens, wat soms die "A"-liturgie en die "B"-liturgie genoem word, of ook wel die Middelburgliturgie en die Kampenliturgie. Onder "A"- of die Middelburgliturgie kom die kollektes ongeveer in die middel van die erediens. Onder die "B"- of Kampenliturgie vind dit net so voor die end van die diens plaas.

Wat moet ons sê van die plasing? Daar kan op albei ordes kritiek gelewer word, en beide moet ondersoek en bespreek word. Die "A"-orde plaas die kollekte in 'n taamlik vreemde plek, naamlik tussen die lees van die Bybel en die verkondiging van die Woord. Wat is die rede hiervoor? Is dit nie onvanpas om die lees en die verkondiging van die Woord te onderbreek met die kollekte nie? Hoekom moet die vloei verhinder word? Hoekom moet die kollekte op so 'n sentrale punt geplaas word?

Die "B"-orde neem 'n ander benadering. Dit plaas die kollekte reg voor die slotlied en die seën. Op 'n manier kan dit as 'n verbetering gesien word, omdat gebede vir vergifnis, vernuwing en voorbede, asook belydenisse, sakramente en kollektes na die Woord behoort. Die volgorde van die diens moet wees dat ons eers luister na wat die Here aan ons wil sê en dat ons daarna ons geloof bely, Hom vra om na ons behoeftes te luister, die sakramente gebruik, en ons gawes offer.

Daar is egter nog 'n probleem met die "B"-orde en dit is dat die kollekte amper aan die einde van die erediens geplaas word. Dit lyk asof dit sommer 'n nagedagte geword het. Die gevolg is dat die indruk geskep word asof die kollekte nie belangrik is nie.

Dit is 'n gedagte wat ten alle koste vermy moet word. Ek wil nie beweer dat die kollekte die belangrikste onderdeel van die erediens is nie, maar ek is oortuig daarvan dat dit 'n integrale deel van die diens moet wees. Met ander woorde, die kollekte verdien nie die plek wat dit in die "A"-orde het, waar dit te sentraal geplaas word nie, maar ook nie die plek in die "B"-orde waar dit lyk asof dit toevallig voorkom.

Die "A"-orde is volgens my liturgies gesien verkeerd en kan ook nie maklik verander word nie. Ek sou graag wou sien dat die "B"-orde die kollekte kan opskuif, sodat dit 'n plek kry na die verkondiging van die Woord en die sing van die amenlied, en voor die laaste gebed.

NA DIE KOLLEKTE

Verder sou ek dit ook toejuig as daar 'n bespreking sou kom oor die moontlikheid om 'n toepaslike antwoord van die gemeente op die offergawes te kry, in die vorm van 'n kort gebed of lied. Dit is reeds lankal die gewoonte by verskillende Presbiteriaanse en Gereformeerde kerke. Myns insiens bevorder dit die ware Christelike rentmeesterskap en die werk van die diakens in die gemeente.

Die agtergrond vir hierdie voorstel vir 'n gemeentelike antwoord op die kollekte is tweevoudig. Die eerste het te doen met die feit dat die kerke nie genoeg doen om teen die materialistiese gees van ons tyd te stry nie. Ek bekommer my steeds meer oor die skade wat die mag van geld aan ons gemeentes doen.

Dit lyk asof steeds meer mense vergeet dat die doel van ons lewe nie is om 'n oorvloed van besittings te verkry nie. Sommiges kies 'n beroep, nie omdat hulle daarvoor geroepe voel nie, maar omdat hulle daarmee baie geld kan verdien. Ander word gedryf deur 'n kompulsiewe behoefte om te koop, om by te hou met die laaste modes, motors en elektroniese toerusting. Dan is daar ook diegene wat nie kan wag vir die volgende vakansie of toer nie. En laat ons nie die dobbelary en lotery vergeet wat so prominent in ons gemeenskap funksioneer en waarskynlik ook sal oorloop in ons gemeentes, indien dit nie alreeds die geval is nie.

INSIGTE VAN CALVYN

Die eerste rede hoekom ek meer aandag en bespreking oor die kollektes wil hê, het te doen met die aanval van materialisme. Die tweede rede het te doen met die Bybelse mening oor geld. Om eerlik te wees het ek voorheen nooit vreeslik veel aandag aan hierdie onderwerp gegee nie, totdat ek 'n paar jaar gelede 'n uitstekende boek oor Johannes Calvyn raakgeloop het. Dit is geskryf deur 'n man met die naam Andre Bieler en word genoem La Pensee Economique et Sociale de Calvin. In hierdie insiggewende boek wys Bieler hoe Calvyn oor verskillende sosiale en ekonomiese kwessies gedink het. Hy het baie nougeset deur al Calvyn se kommentare en

briewe gegaan en ’n groot hoeveelheid inligting verkry oor Calvyn se gedagtes oor hierdie kwessies. Die resultaat is dat die leser verbaas word deur Calvyn se grootmoedige, moderne en Bybelse idees.

Bieler som Calvyn se idees en gevolgtrekkings soos volg op:

> *“Verenig met Christus deur geloof en herstel in sy waardigheid as kind van God, vind die mens ’n nuwe verhouding met sy naaste. Geld is ’n instrument van God vir die ondersteuning en bestaan van die samelewing. Hierdie mens verstaan ook dat geld bemeester moet word sodat dit aan God en die naaste geoffer kan word. Dit is ook met sy geld dat die Christen aan God offer in gees en in waarheid. Vir die Christen is die offer ’n geestelike handeling, ’n handeling van geloof in die hoogste graad. Deur hierdie offer bely die gelowige dat God die Mammon onttroon het. Deur konkrete gawes druk die Christen die ware maat van sy geloof uit. Deur hierdie gawes bely die Christen dat sy Here die erkende Koning van sy hele lewe is – moreel, fisies en materieel. Die kerk wat dit verstaan kan nie volstaan met ’n kollekte wat nie ’n offergawe is nie, waar die kollekte verlore raak onder die gesing van ’n psalm of by die uitgang van die gelowiges na die diens. Die Christelike gemeenskap moet deur ’n openbare handeling bewys dat geld deur die ewige Christus van sy duiwelse kragte bevry is en die ware funksie van dienaar weer aangeneem het.”* (Tot sover die aanhaling)

Calvyn se basiese uitgangspunt was dat geld die manier is waarop die gemeente van Christus in die openbaar bely dat Mammon onttroon is. Is dit nie ’n pragtige en Bybelse insig nie?

Terselfdertyd dwing dit ons om toe te gee dat ons die kollekte nie altyd in hierdie lig gesien het nie. Alhoewel die kollekte altyd nog as ’n integrale deel van die erediens gesien is, kon ons nie altyd verduidelik hoekom nie. Wel, hier is die rede! Deur die kollekte vra God van sy kinders om hom as Bron en Gewer te erken en “nee” te sê vir Mammon en die kragte van materialisme.

Vanuit hierdie perspektief wil ek daarvoor pleit dat die gemeente meer aandag moet gee aan die offergawes. Om dit te doen, is daar niks wat ons keer om ’n kort gebed of psalm na die kollekte te sing nie.

Daarby kom daar ook vrae op oor ander praktyke. Is dit regtig passend dat die diakens die kollektes wanneer dit opgeneem is, êrens in ’n hoekie bêre, asof dit nie belangrik is nie? Hoekom word dit nie neergesit op die tafel voor die preekstoel wat in die meeste kerke staan nie?

En wat van die vreemde praktyk dat mense gevra word om hulle vrywillige gawes aan die kerk in ’n boks in die voorportaal te gooi? Is hierdie bydraes nie ook offergawes nie? Verdien dit nie ook ’n plek binne die erediens nie? Is daar ’n soort dualisme hier aan die werk wat veroorsaak dat ons sommige gawes in die kollektesakkie gooi tydens die erediens en dat die ander betaal word as ’n soort ingangsfooi voordat ons die kerk ingaan? Ek wonder of iemand my kan vertel hoekom al die gawes wat ons aan die Here gee, of dit nou ter ondersteuning van die bedryf van die kerk of van die werk van die diakens is, nie alles binne die konteks van die erediens op die Here se dag kan wees nie?

Dr. J Visscher is predikant van die Canadian Reformed Church te Langley, Kanada. Die artikel het oorspronklik verskyn in Clarion van 16 Augustus 2002 en word met toestemming van Clarion se redakteur in Kompas gepubliseer. Die vertaling is gedoen deur Karina Ijlst. ¤

DIE GESAG VAN MEERDERE VERGADERINGS (I)

Ds JR Visser

KERKREGERING

In die reeks artikels oor onderwerpe rakende die kerkregering, wil ek nou 'n paar prinsipiële lyne aandui wat die karakter en gesag van die meerdere vergaderings raak. Ons behandel dan tegelyk die gesag van die kerkverband. Verder wil ek graag weer kyk na die geskiedenis, na die begin van die kerkverband van Gereformeerde Kerke in Nederland.

Voordat ons teruggaan in die geskiedenis wil ek 'n sekere opmerking en vraag wat 'n mens somtyds hoor, beantwoord. Broers en susters vra somtyds of die kerkverband soos ons dit ken wel effektief genoeg is. Is dit nie so dat hierdie kerkverband baie meer by die 16e en 17e eeu pas as by die 21e eeu nie?

Die kritiek is dan veral dat daar nie 'n permanente kommissie is wat allerhande sake in die kerke reël of kan reël as dit skielik na vore kom nie. Ons moet onthou dat dit nie 'n kwessie is van die 16e of die 21e eeu nie. Die belangrike is om te sien wat die beginsel vanuit die Skrif vir die kerkverband is.

Ons het al gesien dat die kerkverband nie die kerk is nie. Die kerkraad is die enigste vergadering van ampsdraers en is die enigste vergadering wat permanent van aard is. 'n Sinode, partikuliere sinode of klassis waarin meerdere kerke saamkom, mag net die sake behandel wat kerklik is en nie deur die kerkraad of ander mindere vergaderings afgehandel kon word nie. Die oomblik wanneer 'n meerdere vergadering sy agenda afgehandel het, bestaan die vergadering nie meer nie. Dan bestaan ook die moderamen nie meer nie en het hulle geen gesag meer nie. Elke plaaslike kerk is en bly dus selfstandig en net daardie ampsdraers mag as onderherders van Christus funksioneer. Dit is ook daarom dat vanuit die gereformeerde kerkreg 'n permanente sinodale kommissie om sake tussen twee sinodes te reël en te besluit, veroordeel word. 'n Meerdere vergadering is 'n vergadering van afgevaardigdes van meerdere selfstandige kerke wat tydelik vir vasgestelde sake saamkom en niks meer nie.

IETS UIT DIE GESKIEDENIS

Die Tagtigjarige Oorlog het in 1568 in die Nederlande begin. Die Prins van Oranje lei die oorlog teen die koning van Spanje wat die Nederlande in die greep van die valse Roomse leer wil hou. Een van die Prins se vertrouelinge en raadgewers is Marnix van Sint Aldegonde. Marnix was toe 'n vooraanstaande Gereformeerde. Hy verskyn dan ook op verskillende kerklike vergaderings en is dikwels ook die verbindingsman met die Prins. Die Prins sien saam met Marnix die groot belang van 'n verband van Gereformeerde Kerke. Marnix skryf in 1570 saam met Gasper van der Heyden 'n brief waarin op die belang van 'n kerkverband gewys word. Hulle skryf hierdie brief namens die kerke van Heidelberg en Frankenthal. Marnix en Gasper van der Heyden, laasgenoemde word die voorsitter van die Sinode van Embden!, maak in hulle brief o.a. 'n voorstel om 'n gesamentlike fonds te stig waaruit broeders versorg word wat predikant wil word en waaruit predikante wat in die bediening staan betaal sou word. Die Sinode moes volgens hierdie brief dan ook 'n deputaatskap aanwys wat sou reël waar predikante hulle bediening moet uitoefen en wat predikante kan skuif. Dit was volgens hulle een van die maniere om "alle gemeynten der Nederlanden tot eenen lichaeme in te lijven, opdat sy met eenen gelijcken voet nae de opbouwinge der Kercken Godes trachten".

Die opvallende is dat die Sinode hierdie voorstel van die belangrike Marnix van Sint Aldegonde en sy eie voorsitter nie aangeneem het nie. Die rede hiervoor was dat die Sinode van Embden as meerdere vergadering vanuit die beginsels van die kerkreg wou waarborg dat die selfstandigheid van die plaaslike kerk by die beroeping en versorging van predikante geëerbiedig bly. Hulle het gewaak dat die gedagte nie kon ontstaan dat die kerkverband die kerk is en so die hiërargie 'n kans sou kry nie. Dit het alles te doen met die karakter van die meerdere vergaderings. Ons sien hier dat binne 'n kerkverband van kerke van Christus nie dit wat volgens ons effektief is en wat stry met die beginsels van Christus se reg, beslissend mag wees nie. Ons mag God se seën verwag as ons ons aan sy Woord hou al lyk dit in ons oë minder effektief.

WAT IS 'n MEERDERE VERGADERING?

Die Dordtse Kerkorde praat van meerdere en mindere vergaderings. Dit wek by mense dikwels die indruk dat dit hier gaan om minder en meer belangrike vergaderings, met meer of minder gesag. Dit is op geen enkele manier die bedoeling nie.

Die woorde mindere en meerdere wys op die mindere of meerdere aantal kerke wat in so 'n vergadering verteenwoordig is. Dit dui vir ons ook aan wat die karakter van

hierdie meerdere vergaderings is. Dit is 'n vergadering van kerke wat saamkom.

Dit is nie 'n vergadering van ampsdraers nie. Dit is nie 'n vergadering wat beklee is met die ampsdraers se gesag nie. Die ampsdraers wat Christus in die plaaslike kerk aangewys het, het as ampsdraers geen gesag buite hulle eie gemeente nie.

Die enigste vergadering waarin die ampsdraers as ampsdraers saamkom is die kerkraad. Die ampsdraers mag net in eie gemeente as ouderling, diaken of leraar optree. Dit geld ook vir 'n leraar. Hy kan op versoek in ander gemeentes die Woord bedien maar hy het daarmee nie 'n ampsdraer van die ander gemeente geword nie. Dit wat ons nou gesê het, het ook betekenis vir die vraag wat die gesag van die meerdere vergaderings is.

WAT DIE GESAG VAN 'n MEERDERE VERGADERING IS

Ek wil by hierdie punt eers aandag vra vir artikel 35 van die Kerkorde van die Vrye Gereformeerde Kerke en art 36 van die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke. Dit is by die van die Vrye Gereformeerde Kerke so geformuleer: "Die klassis het die bevoegdheid om regsgeldige uitsprake te doen ten opsigte van die kerkraad. Dit geld ook vir die partikuliere sinode ten opsigte van die klassis en vir die algemene sinode ten opsigte van die partikuliere sinode."

Ons lees in art 36 van die Gereformeerde Kerke se Kerkorde. Die formulering daar sluit nader aan by hoe dit in die sestiende eeu was: "Dieselfde seggenskap het die klassis oor die kerkraad wat die partikuliere sinode oor die klassis, die nasionale sinode oor die partikuliere sinode en die algemene sinode oor die nasionale sinode het."

As 'n mens dit lees kan die indruk maklik ontstaan dat die sinode dus tog die hoogste vergadering is wat oor alles heers. Hierdie artikel word ook wel misbruik om aan die meerdere vergaderings hoër gesag te gee en te sê dat hulle die reg het om ampsdraers en selfs hele kerkrade te skors en af te sit. Nogtans is dit verseker nie wat hierdie artikel wil sê nie. Dit word duidelik as 'n mens weer na die ontstaan van die kerkverband kyk en as jy noukeurig kyk wat hier staan. Dit is onmoontlik as 'n mens die beginsel van die selfstandigheid van die plaaslike kerk bly eerbiedig.

Eers nog 'n enkele verwysing na die geskiedenis.
Ons gaan weer terug na die Konvent van Wesel in 1568. Wanneer hulle oor die kerkverband praat, beklemtoon hulle dat as meerdere vergaderings ontstaan, hierdie vergaderings net afgeleide gesag het. Hulle kan net gesag ontvang oor sake wat die kerkrade na hulle verwys. Daarvoor is nou juis 'n kerkorde nodig waarin afsprake gemaak word. Die broeders daar doen die volgende uitspraak:

"Ons oordeel dat aan 'n klassis geen enkele reg oor enige kerk of haar dienaars gegee moet word, behalwe as hulleself daarin bewillig het om daarvoor te sorg dat die kerk nie teen haar sin van haar reg en gesag beroof word nie."

Die klassis Nijmegen spreek in April 1613 uit: "Die afgevaardigdes na die Sinode sal by die Sinode nie bevorder dat besluite geneem word wat die Skriftuurlike vryheid van kerke en dienaars aantas nie."

'n Tweede punt wat duidelik maak dat hierdie artikel nie 'n sinodale of sinodokratiese manier van kerkregering bedoel nie, is die verskil in gesag van die kerkraad oor die gemeente en die van die ander vergaderings oor mekaar.

"Ons oordeel dat aan 'n klassis geen enkele reg oor enige kerk of haar dienaars gegee moet word, behalwe as hulleself daarin bewillig het om daarvoor te sorg dat die kerk nie teen haar sin van haar reg en gesag beroof word nie."

Kyk weer saam met my na hierdie artikel. Die opvallende is dat die gesag wat die vergaderings oor mekaar het, nie vergelyk word met die gesag wat die kerkraad oor die gemeente het nie. Die klassis het dus nie dieselfde gesag oor die kerkraad as wat die kerkraad oor die gemeente het nie! Juis deur dit nie aan te roer nie, wys hierdie artikel daarop dat die gesag van 'n meerdere vergadering nie gelykstaan aan die gesag wat die kerkraad van Christus ontvang het nie. Die meerdere vergaderings het afgeleide gesag wat die kerke aan hierdie vergaderings gegee het.

Ons sien hier weer hoe die selfstandigheid van die plaaslike kerke geëerbiedig word.

Nou is dit aan die ander kant belangrik om die gesag van 'n meerdere vergadering nie te minimaliseer nie. Dit is nie so dat 'n meerdere vergadering niks meer as een of ander konferensie is nie. Dit is nie 'n vergadering waar mense met mekaar praat, waar kerke mekaar enkele adviese gee en dan huis toe gaan nie. Dit is ook nie so dat ons as kerke na so'n vergadering gaan en as daar besluite geneem is, ons daarmee kan doen wat ons wil nie. Hieroor in 'n volgende artikel meer. ¤

VAN WAARHEDE TOT METAFORE

- Aantekeninge by die teologiese ontwikkeling van ’n kerklike hoogleraar

Dr. JA Breytenbach

KERKGESKIEDENIS

In ’n insiggewende artikel het prof Jaap Durand onlangs beskryf hoe sy gedagtewêreld oor die jare heen verander het. Toe hy destyds begin het as ’n jong sendeling, het hy vasgehou aan ‘ewige waarhede’. Vandag, as ’n emeritus-professor, praat hy nie meer van waarhede nie, maar van ‘gekontekstualiseerde metafore’. Ds Hannes Breytenbach gee kommentaar.

In die NGK se jaarboek van 1999 staan onder die hoof Uitgetrede Leraars die naam JJF Durand, BA ThD. Hy is in 1961 bevestig in die gemeente Cala in die Transkei, in 1965 in die swart woonbuurt Kwazakhele in Port Elizabeth, in 1973 het hy professor in Sistematiese Teologie aan die Universiteit van Wes-Kaapland geword (opleiding van die destydse Ned Geref Sendingkerk), 1981 adjunkrektor van UWK en in 1984 het hy die bediening neergelê. Sy doktorale proefskrif was oor die sogenaamde dialektiek van syn en rede by Thomas Aquinas.

Hierdie artikel is die derde in ’n ry van outobiografiese artikels van Durand oor hoe die verandering in sy gedagtewêreld sy teologiese metode beïnvloed het. Dit het so gegaan: 1956 vashou aan “ewige waarhede” – 1965 “historiese kontekstualisering” – rondom 1986 “gekontekstualiseerde metafore”.

Durand se verhaal wys op een van die faktore wat veroorsaak dat teologiese vertrekpunte en metodes so uitruilbaar is, naamlik die rasionele en filosofiese aanpak van die teologie en ’n onvermoë om die Bybel op ’n gelowige manier te lees wanneer wetenskaplik met die Skrif omgegaan word. Hy wys die onderrig af wat hy ontvang het in die “ewige waarhede” van die gereformeerde ortodoksie, maar is self ’n voorbeeld van iemand wat op rasionele wyse met die Skrif omgaan, omdat hy die belydenis in terme van die moderne taalfilosofie verstaan.

Hierdie artikel gee ’n wanopvatting van die rol van die teologie weer: wanneer die ontdekking van “versoening” as sentrale dryfpunt van die evangelie ’n “liberating metaphorical device” word. Aan die ander kant word die teologie onderskat wanneer hy skryf dat hy hom nog bietjie besig hou daarmee en nie meer so seker is van homself en sy teologie nie. Teologie bly by hom ’n manier om te pendel tussen die situasie aan die een kant en die Skrif aan die ander kant. Die nut van teologie vir die opbou van die gemeente in die geloof in Christus, funksioneer nie by hom nie.

Binne die kader van Durand se historiese kontekstualisering het die Belydenis van Belhar tot stand gekom. Vir die Algemene Sinode van die NGK Oktober 2002 is dit weer op die tafel geplaas. In die Belydenis van Belhar het die saak van die verlossing in Jesus Christus nie die Skrifgebruik bepaal nie, maar die historiese konteks van ’n samelewing wat ly onder Apartheid.

Die gereformeerde kerke sal veral in die moeitevolle situasie van werkloosheid en armoede, en ’n gemeenskap wat ideologies gedryf word, altyd die evangelie van Christus, die genadeboodskap in sy volheid verkondig, en die konsekwensies vir ons verantwoordelikheid as broeders en ook kerke vir mekaar in terme van die een evangelie van genade deurdink en uitvoer. Anders loop die prediking skipbreuk op die konteks en situasie soos by die teologiese metode van Durand. Die evangelie van genade sal deur die kerke, ook op die sendingterrein, in die stryd teen afgode en ideologie, onverskrokke uitgedra word sodat die Christelike geloof bevestig kan word.

DIE EERSTE FASE RONDOM 1956

Durand se eerste metodologiese vertrekpunt was wat hy noem “teologiese beginsels” of “ewige waarhede”. Die oorsprong daarvan vind hy in die protestantse ortodoksie van die sewentiende eeu, wat volgens hom ’n terugkeer was na die skolastiese metode van die eeue wat die Reformasie voorafgegaan het. Thomas Aquinas het die heilsgeskiedenis getematiseer in die vorm van ’n aantal Bybelse en teologiese beginsels. Van daaruit word ander beginsels afgelei.

Die na-Reformatoriese ortodoksie het dieselfde gedoen. Dit het gelei tot gelykstelling van die gereformeerde geloof met die aanvaarding van ’n aantal basiese leerstukke waarvolgens ewige waarhede afgelei word van die Bybelse boodskap. So redeneer Durand voort en vind dat in die NGK in die twin-

tigste eeu Apartheid 'n afgeleide Bybelse beginsel geword het.

Hy beskryf die metode van ewige beginsels in verband met 'n bepaalde paradigma. My vraag is nou of die belydenis ook maar deel van die paradigma is? Volgens hom het teenstanders van Apartheid met dieselfde paradigma gewerk. Alleen die waardesisteme van die teenoorgestelde rigtings het verskil.

Die Kuyperiaanse kosmologie (skeppingsleer) het die hoeksteen gevorm van hierdie paradigma wat legitimiteit verleen het aan 'n Afrikaner-burgerlike godsdiens. Dit is so gekombineer met 'n ortodokse gereformeerde teologie dat die natuurlike teologie wat daarin skuilgegaan het nie herken is nie. Ek meen Durand het hier 'n belangrike waarneming gemaak in verband met tendense in die teologie van die NGK. Maar die probleem is dat hy veralgemeen en vereenvoudig omdat hy hierdie ontwikkeling in die NGK in terme van 'n ideologie wil afwys.

Ons wys saam met hom die geloof in 'n stel "ewige waarhede" af, maar die openbaring van God in Christus is duidelik, en daarom is die antwoord op die volkskerklike en burgerlike teologie om die Skrif in sy genoegsaamheid te erken en erns te maak met die belydenis as antwoord van ons geloof op die beloftes van God in sy Woord.

Durand toets hierdie teologie ongelukkig nie met die Skrif as God se openbaring van die heil in Christus nie. Hy roep die teologie van Karl Barth met sy "Christologiese konsentrasie" op as teenvoeter vir die natuurlike teologie. Dit het soos ons weet, self 'n uitgangspunt wat verskil van die skriftuurlike wyse waarop die belydenis oor God en sy verbond praat.

Durand het begin vra na die geskiedenis en sy betekenis en na die betekenis van die heilsgeskiedenis teen die agtergrond van die Tweede Wêreldoorlog. Die openbaring van die heilsgeskiedenis van die verlossing in Christus word vir hom nie definitief in Christus afgesluit nie, maar moet voortgaande in verband met die konteks verstaan word. So bereik hy die einde van die eerste fase.

DIE TWEEDE FASE RONDOM 1965

Dit word deur Durand beskryf as historiese kontekstualisering. Hy het vir die tweede keer 'n swart gemeente bedien, naamlik Kwazakhele in Port Elizabeth. Hy het in hierdie ontstellende situasie ontdek dat die gereformeerde geloof veel meer is as die "aanvaarding van 'n aantal ewige waarhede". Gereformeerde geloof is vir hom 'n manier om met die Bybelse boodskap te worstel in 'n dinamiese historiese proses, dit wil sê om die Bybel ernstig te neem in 'n voortgaande hermeneutiese gebeurtenis binne 'n spesifieke historiese situasie.

Durand het op soek gegaan na "die dryfpunt van die Christelike evangelie binne 'n spesifieke historiese situasie". Dit het hy gevind in 'n sentrale moment in die evangelie: die versoening tussen mens en mens op grond van die versoening wat Christus aan die mens gee. Apartheid se fundamentele ideologiese uitgangspunt, vind hy, is dan in direkte stryd hiermee. So word die sentrale dryfpunt 'n slagspreuk. Verwerk in 'n verklaring of 'n belydenis. Versoening (mens-tot-mens) word 'n "liberating metaphorical device".

Hierdie opstelling is sonder twyfel die kader waarin die Belhar-belydenis (1982/86) ontstaan het. Durand bevestig dit. Maar nog meer: dit is die armoedige teologie waarmee predikante opgelei en op die kansels van die Ned Geref Sendingkerk gelaat is – die konteks en 'n skopiese greep op die Skrif word die bepalende faktore vir die inhoud van die preek.

Hierdie ontwikkeling word deur die konteks gedryf. Dit is die basis van verskillende genitiewe teologië, dit is "teologie van…" byvoorbeeld 'teologie van bevryding'. Die Skrifgebruik van die Belydenis van Belhar is eklekties in verband met die konteks en nie vanuit die verlossing van sonde in Christus nie. (Daarteenoor HK Sondag 11).

DIE DERDE FASE RONDOM 1986

Durand het die werke van David Tracy begin lees wat die filosofie van die taalwetenskap bestudeer: die paradigma van die sogenaamde taalwending. Die Christelike geloof is hiervolgens nie in die eerste plek 'n historiese gebeurtenis nie maar 'n taalgebeure. In Jesus kom daar 'n nuwe taalgebeure wat oordraagbaar is in die hede. Tracy gebruik die idee van "interpretasie-as-gesprek". In die gesprek met die teks voel jy 'n ooreenkoms met iets wat jy reeds ondervind het of verstaan. (Dit is analogie – ooreenkoms met 'n verskil). Dit word dan by Durand 'n fase van die gekontekstualiseerde metafore.

Metafore het te doen met ervarings wat nie verwys na ervarings van elke dag nie. Dit het 'n suggestiewe aard, dit kan nie met letterlike vergelykings vervang word nie. Die Bybel gebruik volgens Durand "verbeeldingryke metafore". In 'n sekere sin onthul dit die diepere werklikheid agter dit wat voorhande is. Teologie is dus gelyk aan metafoor. Want die teologie handel oor God en sy werke wat nie in menslike woorde en begrippe vasgevang kan word nie. Teologie in sy werking is die analogiese verplasing van metafore.

Daar word op soek gegaan na die intensie van die metafoor. Hierin het die geloofsbinding van die teoloog wel 'n beslissende rol om te ontdek wat deurslaggewend is in die Bybelse metafoor. Wanneer hy dit ontdek het, word 'n nuwe metafoor geskep wat korrespondeer met sy eie selfverstaan.

Die belydenis aangaande Christus in die vierde en vyfde eeue word dan niks anders as metafoorverplasing nie. Durand noem sy metode self "'n nuwe waagstuk". Hy vereng die boodskap van die

Bybel tot die kruis wat wel nooit verplaas sal word nie, maar wat ook niks meer as 'n metafoor is nie, die kruis wat wel God se grootste metafoor vir die wêreld is, "die diepste uitdrukking van die mees onuitspreekbare, sy liefde vir ons".

EVALUERING

Durand deel mee hy het die sirkel voltooi – die ewige waarhede van sy jeug kom nou terug in die gedaante van metafore. Hierin is hy eerlik. Durand het nooit sy rasionele omgaan met die Bybel prysgegee nie. Die gevolgtrekking is dat hy die gereformeerde belydenis aangaande die Skrif as Woord van God verwerp het. As 'n mens die Bybel in terme van metafore verstaan, word die bedoeling van God met die Skrif bevraagteken.

Openbaringsgeskiedenis, kerkgeskiedenis en wêreldgeskiedenis word gerelativeer. In die wisselbaarheid van metafoor en konteks word die werk van Christus in die geskiedenis van die begin tot die einde fundamenteel aangetas.

By al die gevaar wat die nuwe taalfilosofie inhou, is die groot probleem dat die geloof 'n individuele keuse word, waar 'n mens nie meer met God in sy verbond kan leef nie. Christus kan nie met sy Gees en Woord beslag op jou lê nie, want jy lê beslag op die Skrif met jou filosofie. Christus staan hier nie meer persoonlik, heersend, herderlik, bo en teenoor sy gemeente om sy gemeente te lei nie maar vervlug in metafore. Vir die gelowige wat getroos wil lewe van die verkondigde Woord gaap daar 'n afgrond van onsekerheid en ongeloof.

Na aanleiding van die artikel van JJF Durand: Hoe my gedagtewêreld verander het: van ewige waarhede tot gekontekstualiseerde metafore, in NGTT, 43, nommers 1 en 2, Maart en Junie 2002, 64 – 70. (NGTT staan vir Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif). ¤

BEVRYDING VAN DIE TEGNIESE WÊRELDBEELD

J Moes

SAMELEWING

Is die tegniek die verlosser van hierdie wêreld of moet ons 'n ander Verlosser verwag? As Christene is dit nie moeilik om hierdie vraag te beantwoord nie. Maar hoe lyk die praktyk? Vertrou baie mense, en ook Christene, nie uiteindelik op die tegniek om hulle armoede te bekamp, hulle siektes uit te roei, hulle bestaan te verseker en hulle leefwêreld aangenaam te maak nie?

'n Mens kan selfs vra of die tegniek nie begin om ons lewe en ons leefwêreld te oorheers nie. Het die mens nog beheer oor die tegniese ontwikkeling van ons tyd of het dit outonoom geword, ontwikkel dit op sy eie? Is tegniek dan nie 'n afgod naas Christus, waarvan ook Christene bevry moet word nie? En wat is dan die regte etiek vir die gebruik van die tegniek in ons lewe?

AFSKEIDSLESING PROF SCHUURMAN

Die voordeel van 'n afskeidslesing van 'n professor is dat hy daarin deurgaans 'n beknopte oorsig gee van sy vakgebied en die bydrae wat hy daarin oor die jare gemaak het. So het ook Prof Schuurman in Mei hierdie jaar in Delft gedoen, nadat hy vir 30 jaar aan ingenieurstudente klas gegee het in die vak reformatoriese wysbegeerte. Prof Schuurman het die afgelope paar dekades 'n belangrike bydrae gelewer aan die besinning oor "verantwoordbare tegnologie". Hy is veral in Nederland bekend, maar ook in die VSA en Suid-Afrika. In 1994 het hy 'n ere-doktorsgraad ontvang van die Potchefstroomse Universiteit vir CHO. Tewens was hy intensief betrokke by reformatoriese politiek in Nederland, eers by die RPF en sedert 2001 by die Christen Unie. Ons is almal, die een meer intensief as die ander, betrokke by tegniek en ervaar die invloed daarvan op ons lewe. Daarom sal dit goed wees om kennis te neem van wat Prof Schuurman in sy afskeidsrede daaroor gesê het. Die rede is uitgegee deur die Technische Universiteit van Delft, Nederland.

TEGNIESE ONTWIKKELING

As ons die menslike arbeid van nou vergelyk met die van 'n aantal eeue terug, kan ons vasstel dat meganisering, outomatisering en robotisering die mensdom verlos het van swaar liggaamlike en sleur-arbeid. Die moontlikhede van ons menslike lewe het deur die tegniese ontwikkeling geweldig toegeneem. Die vorige eeu word dikwels die eeu van die tegniek genoem. Bowendien word alles wat op tegniese gebied ontwikkel is, ook op die een of ander manier toegepas.

Daar is egter ook negatiewe gevolge van die tegniese ontwikkeling. Dink hierby aan die grootskaalse vernietiging van die natuur, die invloed daarvan op die klimaat met 'n toename in uiterste droogtes en reënval, die genetiese manipulering van diere en mense, die dreiging van chemiese en biologiese terreur en oorlog, ensovoorts. Vroeër is die mens se bestaan hoofsaaklik bedreig deur die natuur, nou word dit bedreig deur die moderne tegniek. Het die mens meer mag ontwikkel as waaroor hy beheer kan uitoefen? Het die moderne tegniek 'n Frankenstein-monster geword? Wat is goeie etiek, wat is goeie of verantwoorde beheer met betrekking tot die tegniek?

Die vraag na die regte etiek in die algemeen het te doen met die wysgerige visie en lewens-oortuiging van die mens. Maar is daar, ondanks verskille in opvatting tussen mense, tog 'n gemeen-skaplike raamwerk vir etiek van die tegnologie?



MENSLIKE SELFOORSKATTING

Die huidige omstandighede waarin die mens ten opsigte van die tegniek verkeer, moet gesien word teen die lig van die menslike self-oorskatting en sy siening op die natuur. Die werklikheid om ons heen word gesien as 'n mani-puleerbare werklikheid, wat aan-gewend moet word tot maksimale nut van die mens. Die tegniese beheersingsdenke kom voort uit die pretensie dat die mens absoluut vry en outonoom is. Die mens sou deur die tegniek homself kan bevry van magte wat sy bestaan bedreig. Dit gee aanleiding tot die denke oor die tegnologie as die verlosser van die mensdom (Spengler). Die mens kan self die paradys herskep en het God nie meer nodig nie.

Die mens het, deur sy vertroue op wetenskap en tegnologie, in 'n geestelike leegte gekom. Die werklikheid word gereduseer tot slegs dit wat wetenskap en tegno-logie kan hanteer. Fundamentele vrae oor die sin en doel van die menslike lewe word uitgesluit of teruggedring tot die persoonlike lewenssfeer. Die natuur en diere word slegs gesien as produsente vir die mens. Egoïsme, heerssug en hebsug word kenmerke van die kultuur waarin ons lewe. In hierdie tegniese kultuur is die eerste en groot gebod: "wees so effektief, so tegnies, moontlik", en die tweede gebod wat hieraan gelyk is: "wees so effektief, so ekonomies, moontlik". Aan hierdie twee gebooie hang die hele tegnies-materialistiese kultuur.

REFORMATORIESE VISIE

Die reformatoriese wysbegeerte kies hier 'n fundamenteel ander koers. In die menslike lewe moet juis die liefde tot God en die naaste die dryfkrag wees agter menslike beleid en optrede. Die dimensies van menslike lewe moet verruim word deur dit weer te rig op God en ons kultuuropdrag in sy skepping. Daarby moet met die sondeval van die mens en die gevolge daarvan rekening gehou word. Die mens as rentmeester sal die skepping anders moet hanteer. In plaas van uitbuiting en roofbou sal Christene hulle moet beywer vir die "volhoubare vruggebruik" van die skepping.

Die regte etiek vir ons lewe as mense in hierdie wêreld kan gekenmerk word as verantwoorde-likheidsetiek. Die mens dra ver-antwoordelikheid, maar hy moet hom ook verantwoord, hy moet aandui wat sy beginsels, norme en motiewe is. Die menslike same-lewing is op pad van die paradys-tuin na 'n soort van "gemeenskaps-huis", met die nadruk op die bewoonbaar maak en hou van hierdie wêreld vir alle mense. Dit sal lei tot 'n fundamentele her-oriëntasie van ons huidige tegnies-ekonomiese orde. Die motief van die tegniek behoort dan diens-baarheid aan die lewe en die samelewing te wees.

Dikwels verwys Christene na Gen.1:28 ("Onderwerp die aarde…") as die kultuuropdrag, die Goddelike opdrag tot menslike handele in die skepping. Die gevaar van die isolasie van hierdie teks, binne die denke van die tegniese wêreldbeeld, is dat dit kan lei tot uitbuiting van die skepping. Daarom is dit beter om te praat van 'n breëre skeppings-opdrag, met 'n meer harmonieuse raamwerk van ontwikkel, sorg, versorg, beskerm en bewaar.

VERANTWOORDELIKHEIDSETIEK

Vanuit die verantwoordelikheids-etiek moet daar ook 'n regstelling kom van prioriteite op tegniese, maar ook op ekonomiese, sosiale en politieke gebied, byvoorbeeld wat betref die aanwend van minerale en finansiële hulpbronne in die wêreld. Tegniek behoort in diens te staan van kultuur en nie omgekeerd nie. Die geweldige plakkerskampe rondom die groot stede en die leegloop van die platteland in ontwikkelingslande getuig van die suigkrag van tegnies-ekonomiese konsentrasie, wat lei tot grootskaalse kulturele ontwrigting. Dalk is kleinskalige ontwikkeling meer mens-vriendelik en moet daaraan op 'n kreatiewe manier gewerk word, ook op tegniese gebied.

Prof Schuurman bespreek nog 'n aantal voorbeelde van ontsporing as gevolg van die eensydige tegnies-ekonomiese wêreldbeeld : die probleem van afvalstowwe, industriële landboumetodes, genetiese manipulasie en minerale

energiebronne. Daar is 'n belangrike rol vir die politiek om die ontsporing van ongeremde vrye-mark ekonomie te beteuel, met nadruk op reg en publieke geregtigheid. Dit betref sowel die nasionale as die internasionale politiek. Die reg op ondernemerskap het 'n keersy in die maatskaplike pligte en verantwoordelikhede van die ondernemer of maatskappy.

Ons sal egter nie self 'n heilstaat hier op aarde kan bereik nie. Slegs God kan dit tot stand bring en Hy sal dit ook doen. So kan ons in beskeidenheid, volgens ons goddelike roeping, in verantwoordelikheid bou aan die samelewing hier op aarde en op pad wees na die nuwe Jerusalem, die tuinstad wat God self sal laat neerdaal (Openb. 21:9-22:5).

Bostaande is 'n beknopte oorsig van die inhoud van die boekie van Prof Schuurman. Daar kon meer gesê word, maar hierdie bespreking moet beperk bly. In die algemeen kan ek opmerk dat hierdie soort reformatoriese perspektief op ons menslike handele vir ons as Christene baie nodig is. Baie van ons het ook 'n bevryding van die tegniese wêreldbeeld nodig. Daar is deurgaans 'n gebrek aan besinning op ons maatskaplike en politieke verantwoordelikheid in Suid-Afrika. Dit kan tot 'n mate toegeskryf word aan 'n gebrek aan 'n denk-raamwerk waarvanuit ons detailontwikkelings kan beoordeel. Ek meen dat boeke soos hierdie ons kan help om 'n goeie gereformeerde kultuurvisie vir ons lewe in Suid-Afrika te ontwikkel. Hoewel die boekie waarskynlik nie in die handel verkrygbaar is nie, sou ek vir belangstellendes seker 'n kopie kan kry.

N.a.v. die afskeidscollege van Prof Dr Ir E Schuurman, Technische Universiteit Delft, Faculteit Techniek, Bestuur en Management.
ISBN: 90-5638-091-5, 40 pp, 2002 ¤

FOLMER BOEKHANDEL

19e Laan 283, Villieria
Pretoria, 0186, Suid-Afrika

Tel 012 329 0031
Faks 012 329 5927

TIMMERMAN, R: ENGELEN
'n Aktuele en boeiende onderwerp! In die media en religieuse fiksie word die laaste tyd weer baie aandag aan engele gegee, maar dikwels meer op menslike ervarings gebaseer, as wat die Bybel aan die woord kom. Ds Timmerman laat op grond van die Bybel sien dat engele rondom ons aanwesig is en wat hulle betekenis is. Duidelik word aangetoon dat die dienskneegte van God 'n plek in ons lewe het. Prys R80,90 – 72 bl

Die boek van prof dr J DOUMA: HOE GAAN WIJ VERDER? het baie stof in Nederland opgejaag. Kritiek op die hede en verlede van die Vrygemaakte Kerke in Nederland gaan saam met 'n gevoel van 'n diep verbondenheid aan die kerke. Daar is veranderinge in die kerk, en prof Douma beantwoord die vraag of hierdie veranderings skokkend is, of van 'n gesonde ontwikkeling getuig. 'n Boek wat goed is om kennis van te neem. R142 – 190bl

VENSTER OP DIE SAKEWêRELD – Perspektiewe op bestuursetiek
Almal wat met hierdie onderwerp te doen het, is eintlik verplig om hierdie boek te lees, omdat vanuit 'n duidelike Christelike perspektief na die brandende vraagstukke op hierdie gebied gekyk. R44 – 287 bl

Pragtige Kersfees – cd's:
(1400452) – VREDE NAAR UW WOORD – Dirklands Mannenkoor – orrel – hobo. R115
(198073) – GOUDEN KERST-KLANKEN – Martin Mans – improvisaties – panfluit – trompet – mannenkoor – jeugdkoor – harp – koperkwartet – samenzang. R115
(197080) – O KOM, IMMANUEL – Verzameling van de mooiste Kerstliederen – diverse koren. R115
(2502) – KERSTZANG MET FEIKE ASMA – Massale koor- en samenzang (2000 zangers). R115
(196051) – 't LICHT IS GEBOREN – Jongerenkoor 'Laudate Deum' uit Apeldoorn olv Arie Kortleven – orgel, hobo, dwarsfluit, harp.R115
(31032) – DEO GLORIA – beroemde kerstliederen – Hardenbergs Christelijk Mannenkoor, Chr. Gem. Zangvereniging 'Looft den Heer' Notter, olv Jan Quintus Zwart. Orgel, tenor, bariton. R115
(1161202) – DRIE CD's R195! HET GROTE KERSTWENS-CONCERT – diverse koren, koperensemble, harp, sopraan, piano, fluit, trompet.
(5525812) – GEORGHE ZAMFIR – Panpipes for Christmas – R115
(1163442) – KERSTCONCERT Grote Kerk te Den Haag – sopraan, Tollens ensemble, orgel en het Christelijk Residentie Mannenkoor
(196027) – GEBOREN DE KONING – Vox Jubilans koor olv Pieter Stolk, Jeugdkoor olv Jan Mulder. Orgel, sopraan, panfluit, hobo, Rijnmond Brass Quartet. R115
(1400752) – KERST – STH favourites deel 4. R115
(1499282) – HET GESCHIEDDE – Kerst met Urker Mannen Dubbelkwartet. Orgel (Martin Mans) – fluit, hobo, harp, viool. R115
(197081) – KERSTIMPROVISATIES OP VERZOEK – Martin Mans. R115
(1400172) – KERST VANUIT DE GOUDSE SINT JAN – Verenigde koren olv Martin de Boer. Orgel, trompet, piano, hobo, sopraan. R115
(1164972) – KERSTFEEST IN HOLLAND – Beroemde koren en solisten zingen Nederlandse kerstliederen. R115
(1401152) – KERSTKLANKEN UIT POEDEROIJEN – Kinder-, Jongeren- en Mannenkoor. Orgel en dwarsfluit. R115